VOORBIDDING:

Wêreld: Argentinië, Paraguay en Uruguay. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur. Slagoffers van terreur regoor die wêreld.

RSA & Dorp: Gesondheids– en Maatskaplike Dienste - hospitale en klinieke, medici, verpleërs en paramedici. Vigs geïnfekteerdes en Vigs geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Droogtegeteisterde gebiede regoor die land en die oordeelkundige bestuur van ons waterbronne. Bendegeweld op die Kaapse Vlakte en studente geaffekteer deur die Huis ten Bosch-brand. Geweld teenoor vroue en kinders. Xenofobie.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Christo en Ina Dippenaar: hulle dogter, Christelle en haar man, Gabriel, se dogtertjie Aliyah is baie siek - Krabbe disease. Kom ons dra hulle in ons gebede. Om met 'n dankbare ingesteldheid te leef. Geestelike vernuwing en groei. Dankbaarheid vir 'n geseënde en geslaagde Lentefees.

Meegevoel: Anita Jonker van Welgevonden se ma is oorlede. 'n Woord van meegevoel met hulle as gesin.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Wentzel Barnard (De Oewer), Gerrit de Vos (Lovell), Leonie Fourie (Elbertha), Marié-Luce Kühn (Brandwacht), Joyce Potgieter (Compacta), David Prinsloo (Dagbreek), Russel Roux (Saffraan), Thys Roux (Saffraan) en Kobie van Breda (Cynaroides).

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het tot ons heerlike saamkuierdag. Die mooi bedrag van R138 000 is sover met ons Lentefees ingesamel. Dankie aan al die konvenors en hul helpers wat so hard gewerk het - julle is 'n formidabele span! Volg gerus die skakel https://adobe.ly/2A1GE66 om na die foto's te kyk wat Nicho Bouma geneem het.

GROENgedagte #147 Hoe kan ons help en wat kan ons doen? September is die maand waarin die kerk oor die wêreld die Seisoen van die Skepping vier. Die Seisoen begin op 1 September en eindig op 4 Oktober wanneer die Katolieke Kerk die Fees van St Fransiskus van Assisi vier. Ook ons as ekologies sensitiewe gemeente wil 'n verskil maak. Daarom herwin ons alles wat ons moontlik kan en wil ons water en elektrisiteit spaarsamig gebruik. Hierdie September vier ons ook 'n klomp dinge op die ekologiese kalender. Dit is onder andere die maand vir die plant van bome. Die 16de tot die 21ste is in Suid-Afrika die tyd wat ons fokus op skoonmaak en herwinning. Die 16de fokus die internasionale gemeenskap op die beskerming van die osoonlaag in die aarde se atmosfeer. Die 20ste is Herwinningsdag in Suid-Afrika. Op die 21ste fokus ons internasionaal op vrede en die noodsaaklikheid vir zero vrystellings van skadelike kweekhuisgasse in die atmosfeer. Die 21ste is ook internasionaal die dag vir die skoonmaak van die wêreld se strande en die 22ste is Wêreld Renosterdag. Elkeen van ons kan elke dag iets doen aan elkeen van hierdie sake. Waar begin jy?

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 15 September 2019

Koninkrykstyd

Tema	#AmINext? Gendergeweld op die voetspoor van Tamar
Teks	2 Samuel 13: 1 – 21
Prediker	Nadia Marais
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategese: Dis so hartseer!
10:30	Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (leeskamer)
10:30	Kerkbiblioteek (vierkant)
18:00	Jeugdiens: Afsluiting
18:00	Diens by Bonheur

Jaartema:
Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

Negende Lesotho-uitreik vanjaar! Die wiele is aan die rol vir ons gemeente se 9de Lesotho-uitreik! Altesaam 13 tieners gaan saam met Leon en Anette Cronje en Elzanne van der Westhuizen tydens die September-vakansie na Lesotho reis waar hulle August Basson en die mense van Maphutseng se hande gaan sterk. As jy 'n bydrae wil maak, kontak gerus vir Leon Cronje om te hoor hoe jy kan help (tel: 021 886 5115). **Ons vra voorbidding vir die tieners se eie voorbereiding, vir al die laaste reëlings wat getref moet word, vir 'n veilige reis, goeie gesondheid vir almal en ook dat die Here die werk van ons hande daar sal seën.**

'n Geredigeerde weergawe van die skildery getiteld "Susanna and the Elders" Dit is deur die skilder Artemisia Gentileschi.

ONS KANTOORURE is Ma: 09:00 - 13:00 Di - Vr: 08:00 - 13:00

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet 'n lekker koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer. Kom neem ook boeke uit by ons kerkbiblioteek in die vierkant.

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE 2 WEKE: Maandag 16/9 tot Sondag 29/9

Ma 16/9		**Universiteit begin**
Di 17/9	10:00	**Bybelstudie** by Bonheur.
Wo 18/9	09:00 & 19:00	**Geloofsgroei Byeenkomste** in die konsistorie. Almal is welkom **Geen Marktafel en Kuiertafels. Ons kuier weer saam in die nuwe kwartaal op Woensdag, 2 Oktober.**
Vr 20/9		**Skool sluit** **Lesotho-uitreik tot 28 September**
So 22/9	09:30	**Erediens:** Monty Sahd Bevestiging van kerkraadslede
Ma 23/9		**Kerkkantoor is gesluit**
Di 24/9		**Erfenisdag**
So 29/9	09:30	**Erediens:** Monty Sahd

Die deuroffer vandag gaan aan Hospitaalbearbeiding: Hospitaalbearbeiding versorg gemeentes se lidmate en hulle familie tydens ernstige krisisse – medies en emosioneel – in die hospitale en in spreekkamers in die Kaapse Skiereiland en in George en Mosselbaai. Aangesien hospitale se rekenaarinligting meestal nie pasiënte se kerkverband aantoon nie, word gemeentelede vriendelik versoek om hospitaalleraars van pasiënte te laat weet. Hulle sal hierdie lidmate bystaan en op 'n pad van oorwinning begelei. Bid asseblief vir die hospitaalleraars, asook vir die pastorale hulpberaders, sowel as ons vele vrywillige pastorale hulpwerkers. Mag God hul daagliks sterk en bemagtig om sy troos en liefde aan lidmate in hul nood oor te dra.

Die deuroffer verlede week aan Huis Horison was R2 492. Baie dankie!

Volgende week se deuroffer gaan aan Radiokansel.

Aangesien September ons Lentefeesmaand is en ons so pas ons groot B-Aksie insameling gedurende Augustus gehad het, is daar nie spesifieke insamelings vir Barmhartigheid gedurende September nie.

Herwinning Die gemeente se herwinningsinisiatief het nou baie groter geword. In die vierkant by die houers waar ons papier herwin vir Huis Horison, is daar nou houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energiebesparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Die GROEN-bediening van die gemeente sal sorg dat die items wat u bring vir herwinning, by die regte maatskappye uitkom wat hierdie skadelike afval op die regte manier hanteer en herwin.

Betaal met SNAPSCAN
(onthou om 'n verwysing in te tik.)

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Ons Jeugproduksie vind vanjaar plaas op Sondag, 13 Oktober om 19:00 in die kerk. Die kinders oefen omtrent hard! Maak seker jy woon dit by!

Suzaan Brits en Leonardo Alexander van die ACVV ontvang hul bakkievrag voedsel wat ingesamel is met ons Blikkiesprojek vanjaar.

Ons bou met blikke – 'n terug"blik"

Die insameling van blikkieskos en droë voedsel gedurende Barmhartigheidsmaand het meegebring dat ons dmv Voedingsaksie, ACVV, Stellemploy, Eikiehart en die Nagskuiling kon help om die groot voedselnood in die Stellenbosch gemeenskap te help verlig.

Jossie Albertse het die eerste steentjie van ons blikkiesmuur gebou met haar bydrae. Liza Jacobs het met haar bydrae gesorg dat ons deur ons mikpunt van 1 250 breek.

Baie dankie aan elke gemeentelid wat bygedra het sodat ons uiteindelik 1 334 eenhede kon insamel!



Hoe voel jy oor jou medegelowiges in die gemeente? Na aanleiding van die aanhaling van Otto Scharmer dink ons na oor hoe ons verhoudinge onderling kan versterk. *"The quality of results in a system depends on the quality of relationships between the players in a system, and the quality of relationships depends on the quality of awareness that these players are operating from."* Volgens Scharmer moet ons eers kyk na hoe bewus ons lewe. Toegepas op ons verhoudinge onderling in die gemeente, sou ons kan vra hoe bewus jy is van wat in jou medegelowige se lewe gebeur. Sonder om indringerig te wees, kan ons met opregte belangstelling meer bewus wees van ons medegelowige se uitdagings – kan ons beter vir mekaar bid en dalk selfs hulp aanbied. As ons egter nie weet wie siek is nie, kan ons nie die persoon besoek nie. As ons nie weet wanneer kinders met eksamen besig is nie, raas ons dalk onnodig en kan die bure se kinders nie behoorlik konsentreer of leer nie. As ons meer bewus leef, kan ons mekaar beter in ag neem en beter reageer op ander se behoeftes.